




**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!**  
Jy sal nie spyt wees nie.

**VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:**

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:  
Tommy Rademeyer Tel: 082 372 9803  
e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com*



**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by [ilzedples@gmail.com](mailto:ilzedples@gmail.com).  
Kontak nommer is 0721113100



**JAARTEMA:**  
*Sáam gee ons om!*

**Februarie 2017**

**JULLE MOET MEKAAR LIEFHÈ**

Broer en Suster, onthou u nog ons gemeente se visie? “Deur Christusliefde gee ons vir almal om”. Of in kort: “Ons gee om”.

Vanjaar sluit ons Jaartema by ons visie aan en lui as volg: “Saam gee ons om”. U sou hierdie woorde al op die buiteblad van ons gemeentekalender gesien het.

Met die doel om ons te help fokus op ons visie en jaartema, is sommige van die mekaar-tekste in die Bybel op die agterblad van die kalender aangebring, en u sal ook bo-aan elke maand in die kalender een van hierdie tekste aantref. Asseblief, wanneer u die kalender hanteer, bid sommer ook dat die Here die inhoud van die spesifieke maand se teks waar sal maak onder ons as gemeentelede.

In aansluiting hierby gaan daar tydens die eerste 6 maande van vanjaar by meeste van ons eredienste by hierdie “mekaar”-tekste stilgestaan word.

**Die mekaar-teks van Johannes 13:34** waarin Jesus self aan die woord is, fokus op liefde onder mekaar. Jesus sê: “Ek gee julle 'n nuwe gebod: 'Julle moet mekaar liefhê'”.

Liefde vorm die basis/die vertrekpunt van al die ander mekaar-tekste. Die ander mekaar-tekste (bv verdra mekaar, vergewe mekaar) sorg dat liefde nie maar net 'n woord bly nie, maar in dade omskep word en in die praktyk gedoen en uitgeleef word.

Br, Sr, as ons mekaar nie liefhet nie, gaan ons ook nie die inhoud van die ander mekaar-tekste teenoor mekaar uitleef nie.

**Kom ons staan dus met hierdie skrywe 'n bietjie stil by "Julle moet mekaar liefhê".** Kry gou eers u Bybel en lees wat in 1 Johannes 4: 7-12

**Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om**

**en 5:1** oor liefde as basis van al die ander mekaar-tekste geskryf word.

Lees die gedeelte nog 'n slag. Wat spreek jou aan in die gedeelte/wat staan vir jou uit?



#### **Ons moet mekaar liefhê. Hoekom?**

1. Omdat God liefde is en Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh 4:10: werklike liefde is...die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes");
2. Omdat dit Jesus se opdrag aan ons is (Johannes 13:34 – "julle moet...");
3. Omdat ons daardeer wys dat ons God liefhet (Johannes 13:35 – "...dissipels van My");
4. Omdat dit wys dat ons gered is/kinders van God is (1 Joh 4:7 en 5:1);
5. Omdat ons as kerk 'n familie is (ons en die ander "familielede" vorm 'n "mekaar"-groep);
6. Omdat dit ons oefening vir die ewigheid is (die bekende 1 Kor 13 se 8ste vers wys ons daarop dat die gawe van ongewone tale, profesie en kennis gaan ophou, maar liefde sal nooit vergaan nie. Liefde bestaan voort in die ewigheid, so oefen en beoefen dit nou al by elke geleentheid wat jy die kans kry);
7. Omdat dit ons getuienis teenoor die wêreld is (Johannes 13:35 – almal sal weet).

**'n Laaste gedagte:** Rick Warren skryf in sy boek "Saam is ons better" (p14):

God se liefde VIR ons is die rede om ander lief te hê

## FAMILIE-BEDIENING: JEUG



### **JEUGKUIERS**

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 17:10 - 18:00

Ons gesels en speel speletjies met koeldrank, chips en lekkers.  
(Geen katagese nie.)


NET DAARNA.....

### **YOUTHBASH**

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 - 19:30

**Almal is Welkom!  
Lofprysingdiens.**



*Genade vir elke oomblik*



## Die moed om om te gee

Toe vra die Here vir Kain: "Waar is jou broer Abel?" en Kain antwoord: "Moet ek dan my broer oppas?"

Genesis 4:9

Om jouself in liefdesdiens aan ander te gee vereis moed. Dit beteken dat jy ten nouste moet identifiseer met die persoon in nood. Die wete dat iemand jou nodig het, behoort jou die moed te gee om te help sonder om die koste te bereken.

Wanneer jy jou medemens help, sal die almagtige God jou die wysheid en krag gee om te doen wat gedoen moet word. Jy kan nooit omgee vir iemand in nood sonder om die seën van die Here op jou pogings te ervaar nie.

*Ek buig nederig-dankbaar voor U,  
Voorsiener-God, in die wete dat ek deur  
my hulp aan ander geseen word op 'n manier  
wat ek op geen ander wyse kan kry nie. Amen.*

3 Februarie

Ozrovec, Solly (2008) Genade vir elke Oomblik, Christian Art Gifts RSA, bl. 3 Februarie

God se liefde IN ons gee ons die vermoë om ander lief te hê

God se liefde DEUR ons gee ons die manier om ander lief te hê

**Broer, Suster, kom ons streef vanjaar daarna om Jesus se opdrag "julle moet mekaar liefhê" soveel as moontlik onder mekaar as gemeentelede en ook na ander uit te leef.** Sodoende sal ons liefde hande-en-voete kry deurdat dit uitgeleef word in die vorm van "vergewe mekaar", "dra mekaar se laste" en al die ander mekaar-tekste van die Bybel.

Saan in Sy Diens

Ds Leon Tait



## - - - DATUMS VAN BELANG - - -

- ♦ **4 - 5 Feb:** Gemeente Geesbou naweek
- ♦ **12 Feb:** Bewusmaking van Gemeente- en Barmhartiheidsaksies
- ♦ **19 Feb:** Bewusmaking van Sendingaksies
- ♦ **24 Feb:** Sendingete om 18:30
- ♦ **26 Feb:** Beloftediens

*Sien jou daar!*

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**  
**GRATIS KWOTASIE**  
**VERSEKERING**  
**KONTAK ERNST by 083 656 4992**  
[www.treecarepta.co.za](http://www.treecarepta.co.za)

## LIDMAAT-BEDIENING



### 2017: WAAR IS JY??

By die kerkkantoor wil ons graag die verouderde databasis van ons lidmate opdateer.

Daar het in die verlede inligting met 'n korrupte rekenaar verlore gegaan. Verder verhuis lidmate en vergeet om die die gewysigde inligting aan die kerkkantoor deur te gee. Ook is daar dalk lidmate se name nog op die databasis wat na 'n ander kerkgenootskap oorgegaan het.

Gedurende die volgende paar maande sal u dalk geskakel word om te verifieer of u inligting nog reg is. Daar is enkelle vrywilligers wat met hierdie taak gaan help. Verdra ons asseblief. U saamwerking sal waardeer word.



## DIENSGETUIENIS-BEDIENING

### SENDINGFEES 2017

- ♦ Sondag 19 Feb om 9:00 - Andries en Sunette Schwartz van Mozambiek.
- ♦ Sondag 19 Feb om 18:00 Natasja van Geopende Deure.
- ♦ Vrydag 24 Feb om 18:30 - Sendingete.
- ♦ Sondag 26 Feb om 9:00 - Johan Naude en persone werksaam in Laudium.  
    \*\* Geloofsoffer-beloftes word opgeneem \*\*
- ♦ Sondag 26 Feb om 18:00 Radio Feba



#### Nooit uit eie krag nie

Daarvoor beywer ek my met die krag wat  
Hy gee en wat kragtig in my werk.

Kolossense 1:29

### KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE

 KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,  
Kinderen (vanaf ± 7 jr, moet kan lees) en Volwassenes.  
 Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.  
 Kom maak jou musiek-droom waar!  
Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.